



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2024

GEOGRAFIE V2

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

More Recourses



[Testpapers.co.za](https://testpapers.co.za)

[Exam Papers](#) / [Study Guides](#) / [Summaries](#) / [Tutoring](#)



[TestpapersPro.co.za](https://testpaperspro.co.za)

[Study Notes](#) / [Quizzes](#) / [Flashcards](#) / [Exam Questions](#)

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

AFDELING A:

VRAAG 1: Landelike en stedelike nedersettings (60)

VRAAG 2: Ekonomiese geografie van Suid-Afrika (60)

AFDELING B:

VRAAG 3: Geografiese vaardighede en tegnieke (30)

2. Beantwoord al DRIE vrae.
3. ALLE diagramme is by die VRAESTEL ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord word.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Moenie in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1 020 hPa, 14 °C en 45 m.
11. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
12. Jy mag 'n vergrootglas gebruik.
13. Skryf netjies en leesbaar.


SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1 : 50 000 topografiese kaart van 2527DB HARTBEESPOORT en 'n ortofotokaart van 1 : 10 000 2527DB 23HARTBEESPOORT van 'n gedeelte van die gekarteerde (kaart) area, word voorsien.
15. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, stel die gebied wat deur die ortofotokaart gedek word voor.
16. Punte sal vir stappe in berekeninge toegeken word.
17. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer inhandig.

AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN DIE EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING

- 1.1 Die skets hieronder dui aan klassifikasie van landelike nedersettings. Vergelyk die beskrywings in VRAAG 1.1.1 tot 1.1.8 met letters **A–F**. Skryf slegs die letters (A–F) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 G. Letters kan herhaal word.




[Bron: Eksaminator se eie skets]

- 1.1.1 'n Natpunt-nedersetting.
- 1.1.2 'n Kernnedersetting wat op 'n primêre ekonomiese aktiwiteit staatmaak.
- 1.1.3 'n Geïsoleerde nedersetting wat 'n maklike teiken vir misdadigers is.
- 1.1.4 'n Stervormige kruispad-nedersetting.
- 1.1.5 'n Plaasopstal wat groot bedrae kapitaal benodig.
- 1.1.6 'n T-vormige nedersetting.
- 1.1.7 'n Nedersetting wat lineêr van vorm is.
- 1.1.8 'n Nedersetting, wat om veiligheidsredes, in 'n meanderloop geleë is.

(8 x 1) (8)

- 1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.8 D.

Verwys na die skets hieronder wat die stedelike hiërargie aandui om VRAE 1.2.1 tot 1.2.3 te beantwoord.



[Aangepas uit www.buddinggeographers.com/rural-and-urban-settlement]

- 1.2.1 Nedersettings word volgens ... gerangskik.

- A funksie
- B bevolking
- C reikwydte
- D vorm


- 1.2.2 In vergelyking met 'n dorp, het 'n stad 'n ... bevolking met ... funksies.

- (i) groter
 - (ii) kleiner
 - (iii) minder
 - (iv) meer
- A (i) en (iii)
 - B (ii) en (iii)
 - C (i) en (iv)
 - D (ii) en (iv)

- 1.2.3 'n Megapolis word gekenmerk deur:

- A Om volop in 'n spesifieke area te wees
- B Om die minste kompleks te wees
- C Konurbasies groei en samesmelting
- D Het die kleinste bevolking

Verwys na die skets wat reikwydte en totale bevolking in verskillende nedersettings aandui om VRAE 1.2.4 tot 1.2.5 te beantwoord.




1.2.4 Die reikwydte vir lae-orde goedere en dienste is die kleinste in 'n ...

- A dorp.
- B stad.
- C metropool.
- D dorpie.

1.2.5 Die tipe nedersetting wat die hoogste aantal mense bedien.

- A Dorp
- B Stad
- C Metropool
- D Klein dorpie

Verwys na die skets hieronder wat die sentraleplekteorie aandui om VRAE 1.2.6 en 1.2.7 te beantwoord.



[Aangepas uit <https://geography.name/classical-central-place-theory>]

1.2.6 Die laagste orde nedersettingsplek is die ... sentrale plek.

- A eerste orde
- B tweede orde
- C derde orde
- D vierde orde

1.2.7 Die ... sentrale plek het die grootste invloedseer.

- A eerste orde
- B tweede orde
- C derde orde
- D vierde orde

(7 x 1) (7)

1.3 Verwys na die uittreksel hieronder oor grondhervorming as 'n landelike nedersettingskwessie.

WAAROM SUID-AFRIKA SE GRONDHERVORMINGSBELEIDE MISLUK

Die regering het oor R56 miljard gespandeer aan die aankope van eiendom vir grondhervormingspogings sedert 1994. Hierdie aansienlike bedrag geld beklemtoon die belangrikheid wat die regering plaas op grondhervorming in 'n na-apartheid Suid-Afrika.

Deur grondrestitusieprogramme, het begunstigdes die potensiaal om landbouplase te ontwikkel, wat landelike ontwikkeling aandryf deur verhoogde indiensneming, rykdomskepping en ekonomiese groei.

Nietemin, daar blyk egter onvoldoende sukses van grondhervormingsprogramme te wees. Waarskynlik, was dit nie weens finansiële beperkings nie, aangesien miljarde fondse daaraan toegeken is. Die primêre oorsake word toegeskryf aan die mislukking van beleidsimplimentering en die verskaffing van na-nedersettingsondersteuning aan begunstigdes.

[Aangepas uit www.foodformzansi.co.za/]

1.3.1 Wat is *grondrestitusie*? (1 x 2) (2)


1.3.2 Hoeveel geld het die Suid-Afrikaanse regering aan grondrestitusie sedert 1994 gespandeer? (1 x 1) (1)

1.3.3 Volgens die uittreksel, wat is die voordele van goed bestuurde grondrestitusie? (2 x 1) (2)

1.3.4 Waarom is die sukses van grondhervormingsprogramme 'n maatskaplike geregtigheidskwessie? (1 x 2) (2)

1.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel strategieë voor wat die regering in plek kan stel om na-nedersettingsondersteuning aan begunstigdes te voorsien. (4 x 2) (8)


1.4 Verwys na die skets en foto's wat 'n stedelike profiel toon.



[Eksaminator se eie skets]

- 1.4.1 Die residensiële area **A** is 'n (hoë/lae)-inkomste residensiële area. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Watter bewyse toon dat grondgebruiksone (antwoord op VRAAG 1.4.1) aanpasbaar is met die grondgebruiksone rondom dit? (2 x 1) (2)
- 1.4.3 Verklaar redes vir grondgebruiksone (**B**) wat aan die buitewyke geleë is. (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Waarom is die groengordel 'n belangrike grondgebruiksone in die stedelike profiel? (2 x 2) (4)
- 1.4.5 Verduidelik waarom die SSK, ten spyte van sy sentrale ligging in hierdie stedelike profiel, nie meer so toeganklik vir verbruikers (klante) is nie. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na die stedelike kwessie van stadspreiding.




[Aangepas uit www.news24.com/fin24/money/property/johannesburg]

- 1.5.1 Gee bewyse uit die skets dat stadspreiding plaasgevind het. (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Wat is die hoof-oorsaak van vinnige stadspreiding? (1 x 2) (2)
- 1.5.3 Hoe het vinnige verstedeliking tot stadspreiding bygedra? (1 x 2) (2)
- 1.5.4 Waarom vind plaaslike owerhede dit moeilik om stadspreiding te beheer? (2 x 2) (4)
- 1.5.5 Watter ongunstige omgewingstoestande word deur stadspreiding in die landelik-stedelike randgebied veroorsaak? (3 x 2) (6)

[60]

VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA


- 2.1 Verwys na die kaart en data wat op steenkoolmynbou gebaseer is. Voltooi die stellings in KOLOM A met die opsies in KOLOM B. Skryf slegs **X** of **Z** langs vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.8 Z.



KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Die provinsie verantwoordelik vir meer as 80% van steenkool produksie:	X	Mpumalanga
		Z	Gauteng
2.1.2	Die hoof steenkool-hawe-terminaal waar deur steenkool uitgevoer word:	X	Port Elizabeth
		Z	Richardsbaai
2.1.3	Die hoofgebruik van steenkool in die PWV-nywerheidstreek is vir ...	X	elektrisiteitsopwekking
		Z	staalproduksie
2.1.4	Fisiese faktore wat steenkoolmynbou bevoordeel:	X	Goedkoop, volop arbeid
		Z	Vlak, hoë gehalte steenkool
2.1.5	Die proses van steenkoolbenefisie word as 'n ... ekonomiese aktiwiteit geklassifiseer.	X	primêre
		Z	sekondêre
2.1.6	Vanaf 2022 tot 2023 was daar 'n ... van 2,9% in direkte indiensneming.	X	afname
		Z	styging
2.1.7	Die 2022–2023 neiging in steenkool verkope sal buitelandse valuta-verdienste ... beïnvloed.	X	positief
		Z	negatief

(7 x 1) (7)


- 2.2 Die foto's hieronder toon voorbeelde van verskillende nywerhede. Pas elke beskrywing by VRAE 2.2.1 tot 2.2.8 met die foto's. Skryf slegs OLIERAFFINADERY of BAKKERY langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.2.9 Bakkery.



[Bron: <https://www.iol.co.za/business-report/economy/>]

- | | | | |
|-------|---|---------|-----|
| 2.2.1 | Grootmaat-aflaai nywerheid | | |
| 2.2.2 | Grootskaalse massaproduksie | | |
| 2.2.3 | Beslaan 'n klein oppervlakte grond | | |
| 2.2.4 | Geleë op stedelike periferie | | |
| 2.2.5 | Markgeoriënteerde nywerheid | | |
| 2.2.6 | Maak staat op padvervoer | | |
| 2.2.7 | Geassosieer met lae vlakke van besoedeling | | |
| 2.2.8 | Benodig groter hoeveelhede energie en water | (8 x 1) | (8) |

2.3 Verwys na die infografika oor beesvleisboerdery in Suid-Afrika.




- 2.3.1 Identifiseer die TWEE provinsies wat die hoogste persentasies tot Suid-Afrika se beesvleisproduksie bydra. (2 x 1) (2)
- 2.3.2 Noem die algemene neiging ten opsigte van Suid-Afrika se beesvleis-uitvoere tussen 2019 tot 2023, soos aangedui op die grafiek. (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Verskaf bewyse uit die uitreksel dat die Suid-Afrikaanse beesvleis-industrie die afgelope jare negatief beïnvloed (geaffekteer) is deur:
- (a) 'n Fisiese faktor
- (b) 'n Ekonomiese faktor (2 x 1) (2)
- 2.3.4 Hoe kan kleinskaalse beesvleisboerdery tot huishoudelike voedselsekerheid bydra? (2 x 2) (4)
- 2.3.5 Waarom sal 'n nuwe beesvleisuitvoermark die land se ekonomie positief beïnvloed? (3 x 2) (6)

- 2.4 Verwys na die uittreksel en kaart oor Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone (NOS).

INFRASTRUKTUURINVESTERING: SLEUTEL VIR EKONOMIESE ONTWIKKELING

Die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkeling (NOS) is in die hawe van Saldanhabaai geleë, die grootste natuurlike diepwaterhawe in die Suidelike Halfrond. Die verskaffing van wêreldklas hawe-infrastruktuur, spesifiek ontwerp om beleggings te lok, word toegewy aan maritieme, energie, logistieke en ingenieursindustrieë.

Onlangs is die toegangspad na die NOS, teen 'n koste van R24 miljoen, voltooi en sal 'n meer direkte pad vir nywerheidsverkeer na die NOS bied met verbeterde mobiliteit en veiligheid.



[Aangepas uit businesstech.co.za]

- 2.4.1 In watter provinsie is die Saldanhabaai NOS geleë? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Vanuit die uittreksel, noem TWEE industrieë wat die NOS se hawe-infrastruktuur ondersteun. (2 x 1) (2)
- 2.4.3 Watter positiewe sosiale bydraes lewer hierdie industrieë (antwoord op VRAAG 2.4.2)? (2 x 2) (4)
- 2.4.4 Verduidelik hoe die infrastruktuur nywerhede meer mededingend in die Suidwes-Kaap nywerheidsgebied maak. (4 x 2) (8)

2.5 Verwys na die uittreksel oor die informele sektor.

SUID-AFRIKA SE INFORMELE SEKTOR FLOREER

Die informele sektor in Suid-Afrika, wat na raming op R750 miljard gewaardeer word, het nog altyd 'n belangrike rol gespeel om Suid-Afrika se groot werklose bevolking te absorbeer, om 'n bestaan te voorsien aan diegene wat nie werk kan kry nie en die inkomste van diegene met lae lone aan te vul.

Die Suid-Afrikaanse informele sektor word oorheers deur spaza-winkels* wat jaarliks sowat R180 miljard werd is. Met meer as 150 000 spaza-winkels, toon navorsing dat ongeveer 11,1 miljoen Suid-Afrikaners hul kruideniersware inkopies by hierdie winkels doen, met gerief en laer pryse as die hoof trekfaktor.

Die informele ekonomie groei sterk, en daar word beraam dat die groei van sy kleinhandelsektor byna dubbel dié van sy formele eweknie sal wees.

**Woordelys:**

'n Spaza-winkel is 'n informele gerieflikheidswinkel-besigheid wat gewoonlik van 'n huis af bedryf word.

[Aangepas uit <https://dailyinvestor.com/south-africa/56895/south-africas-hidden-r750-billion-economy>]


- | | | | |
|-------|---|---------|-----|
| 2.5.1 | Wat is 'n <i>informele sektor</i> ? | (1 x 2) | (2) |
| 2.5.2 | Hoeveel is die geraamde waarde van die Suid-Afrikaanse informele sektor? | (1 x 1) | (1) |
| 2.5.3 | Volgens die uittreksel, hoe bevoordeel die informele sektor Suid-Afrikaanse verbruikers (kopers)? | (2 x 1) | (2) |
| 2.5.4 | Hoekom is spaza-winkels maklike besighede om te kan besit? | (2 x 1) | (2) |
| 2.5.5 | Hoe sal die groei van spaza-winkels Suid-Afrika se formele sektor bevoordeel? | (2 x 2) | (4) |
| 2.5.6 | Verduidelik die ekonomiese uitdagings wat spaza-winkeleienaars in Suid-Afrika ervaar. | (2 x 2) | (4) |

[60]**TOTAAL AFDELING A: 120**

AFDELING B

VRAAG 3: KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

ALGEMENE INLIGTING OOR HARTBEESPOORT



Koördinate: 25°43'32"S 27°50'54"O

Hartbeespoort, wat informeel ook as "Harties" bekend staan, is 'n klein oorddorpie in die Noordwes provinsie van Suid-Afrika, wat op die oewer van die Hartbeespoortdam geleë is.

Hartbeespoort is die versamelnaam van 'n paar kleiner dorpe wat rondom die Hartbeespoort geleë is, insluitend die dorpe van Meerhof, Ifafi, Melodie, Schoemansville en Kosmos. 'n Aantal hoë-inkomste residensiële landgoed kan langs sy oewers gevind word.

Vanweë sy ligging (ongeveer 35 kilometers noordwes vanaf Johannesburg en 20 kilometer wes vanaf Pretoria), het Hartbeespoort 'n baie gewilde vakansie-en-naweek bestemming geword. Dit is die vernaamste waterontspanningsgebied van Noord-Gauteng en baie soorte watersport word op die dam geniet.

[Bron: <https://en.wikipedia.org/wiki/Hartbeespoort>]

Die volgende Engelse terme en hulle vertalings word op die topografiese kaart getoon:

ENGLISH

Golf course

Holiday resort

AFRIKAANS

Gholfbaan

Vakansie-oord

3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

3.1.1 Hartbeespoort word as 'n ... gespesialiseerde dorp geklassifiseer.

- A mynbou
- B militêre
- C oord
- D nywerheid

(1)

3.1.2 Johannesburg is in 'n ... rigting vanaf Hartbeespoort.

- A noordwestelike
- B oostelike
- C westelike
- D suidoostelike

(1)

Verwys na die topografiese kaart om VRAE 3.1.3 tot 3.1.5 te beantwoord.

3.1.3 Bereken die ware peiling vanaf trigonometriese stasie 66 in blok **A5** tot by punthoogte 1465 in blok **B3**. (1 x 1)

(1)

3.1.4 Die magnetiese deklinasie in 2024 is 24°46' wes van ware noord.


Gebruik jou antwoord vanuit VRAAG 3.1.3 om die huidige magnetiese peiling vanaf trigonometriese stasie 66 in blok **A5** tot by punthoogte 1465 in blok **B3** te bereken. (2 x 1)

(2)

3.1.5 Waarom sal die magnetiese peiling in 2024, tussen hierdie twee punte, groter wees as in 2017? (1 x 1)

(1)

Verwys na **1** en **2** op die ortofotokaart.



3.1.6 Watter grafiek (**Y** of **Z**) verteenwoordig die dwarsprofiel van **1** tot **2**?

(1 x 1) (1)

3.1.7 Bereken die vertikale vergroting van die dwarsprofiel as die vertikale skaal 1 cm verteenwoordig 20 m is.

$$\text{Vertikale vergroting (VV)} = \frac{\text{Vertikale skaal (VS)}}{\text{Horisontale skaal (HS)}}$$

(3 x 1) (3)


3.2 KAARTINTERPRETASIE

Verwys na blokke **A1** en **A2** op die topografiese kaart.

3.2.1 Wat is die dominante primêre ekonomiese aktiwiteit? (1 x 1) (1)

3.2.2 Noem TWEE grondoppervlakkfaktore wat die primêre ekonomiese aktiwiteit (antwoord op VRAAG 3.2.1) bevoordeel het. (2 x 1) (2)

Verwys na die afgebakende area **X** (in blokke **C1** en **C2**) op die topografiese kaart en die foto hieronder wat dieselfde area (**X**) toon om VRAE 3.2.3 en 3.2.4 te beantwoord.



[Aangepas uit <https://www.google.com/map>]

3.2.3 Noem een tersiêre aktiwiteit wat met die Hartbeespoortdam geassosieer word. (1 x 1) (1)

3.2.4 Hoe dra hierdie tersiêre aktiwiteit tot die gebied se ekonomie by? (1 x 2) (2)

Verwys na die beboude gebied van Kosmos by **Y** (blokke **C2** en **C3**) op die topografiese kaart.

3.2.5 Identifiseer EEN kenmerk van die oneweredige (beplande) straatpatroon. (1 x 1) (1)

3.2.6 Hoe het hierdie straatpatroon die omliggende natuurlike omgewing geakkommodeer? (1 x 2) (2)


Verwys na die Pecanwood Golflandgoed (**D3** en **E3**) op die topografiese kaart.

3.2.7 Op grond van watter aantrekkingskenmerk was hierdie hoë-inkomste residensiële landgoed gebou? (1 x 1) (1)

3.2.8 Watter sosiale faktor het tot die groeiende neiging van omheinde gemeenskappe soos Pecanwood Golflandgoed bygedra? (1 x 2) (2)

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

Verwys na die foto wat 'n stuk grond te koop aandui (Z in blok B5 op die topografiese kaart).



[Aangepas uit www.remax.co.za/property/for-sale/south-africa/north-west/hartbeespoort/]

- | | | | |
|-------|---|---------|-------------|
| 3.3.1 | Die foto is 'n (vertikale / skuins) lugfoto. | (1 x 1) | (1) |
| 3.3.2 | Wat is <i>afstandwaarneming</i> ? | (1 x 2) | (2) |
| 3.3.3 | Die foto is 'n (raster of vektor) beeld. | (1 x 1) | (1) |
| 3.3.4 | Watter tipe ruimtelike kenmerk is die afgebakende erf wat te koop is? | (1 x 1) | (1) |
| 3.3.5 | Die R511-pad is 'n teerpad. Vanuit hierdie stelling, watter attribuutdata kan verkry word? | (1 x 1) | (1) |
| 3.3.6 | Verduidelik waarom 'n stedelike ontwikkelaar, wat daarin belangstel om die winkelsentrum uit te brei, sou kies om 'n lugfoto (soos hierdie een) te gebruik om meer inligting te verkry. | (1 x 2) | (2) |
| | | | [30] |

TOTAAL: 150



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2024

GEOGRAFIE V2 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

More Recourses



[Testpapers.co.za](https://testpapers.co.za)

[Exam Papers](#) / [Study Guides](#) / [Summaries](#) / [Tutoring](#)



[TestpapersPro.co.za](https://testpaperspro.co.za)

[Study Notes](#) / [Quizzes](#) / [Flashcards](#) / [Exam Questions](#)

AFDELING A**VRAAG 1**

- | | | | | |
|-----|-------|---|---------|-----|
| 1.1 | 1.1.1 | D (1) | | |
| | 1.1.2 | F (1) | | |
| | 1.1.3 | B (1) | | |
| | 1.1.4 | E (1) | | |
| | 1.1.5 | B (1) | | |
| | 1.1.6 | C (1) | | |
| | 1.1.7 | A (1) | | |
| | 1.1.8 | D (1) | (8 x 1) | (8) |
| 1.2 | 1.2.1 | A (1) | | |
| | 1.2.2 | C (1) | | |
| | 1.2.3 | C (1) | | |
| | 1.2.4 | D (1) | | |
| | 1.2.5 | C (1) | | |
| | 1.2.6 | D (1) | | |
| | 1.2.7 | A (1) | (7 x 1) | (7) |
| 1.3 | 1.3.1 | Die proses om mense te vergoed (met geld of 'n stuk grond) vir die grond wat hulle verloor het weens gedwonge verwyderinge.
[KONSEP] | (1 x 2) | (2) |
| | 1.3.2 | R56 biljoen (1) | | (1) |
| | 1.3.3 | Landbouplase te ontwikkel (1)
Landelike ontwikkeling (1)
Verhoogde indiensneming (1)
Rykdomskepping (1)
Ekonomiese groei (1)
[ENIGE TWEE] | | (2) |

- 1.3.4 Grondhervorming beoog om billike verdeling van grond te bewerkstellig (2)
 Grondhervorming beoog om billike toegang tot grond te bewerkstelling (2)
 Grondhervorming beoog om billike grond eienaarskap te bewerkstellig (2)
 Grondhervorming beoog om die wanbalans van die verlede met betrekking tot grond eienaarskap reg te stel. (2)
 Grondhervorming beoog om voedselsekuriteit te verhoog. (2)
 Grondhervorming beoog om versoening te verhoog / stabiliteit onder landelike gemeenskappe. (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.3.5 Verskaf landbouvaardighede ontwikkeling/vaardigheid verhoog/
 opleiding (2)
 Verskaf tegniese ondersteuning aan boere (2)
 Opvoeding oor GM-gewasse (2)
 Verskaf gemoderniseerde boerderytoerusting (2)
 Toegang tot plaagdoders en insekdoders (2)
 Help met toegang tot befondsing / banklenings (2)
 Mentors om leiding te gee (2)
 Fasiliteer vennootskappe met bestaande boere (2)
 Insluiting van plaaslike gemeenskappe om behoeftes te bepaal deur konsultasie (2)
 Markareas vir opleiding te skep (2)
 Infrastruktuurontwikkeling. (aanvaar voorbeelde) (2)
 Damme/waterstelsels om te help met besproeiing (2)
 Aansporings te verskaf / boere te subsidieer (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
- 1.4 1.4.1 Hoë (1) (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Dit is naby aan die natuurlike omgewing (groengordel en landelike-stedelike randgebied) (1)
 Gerieflikheid van nabygeleë buurt-inkopiesentrum (1)
 Toeganklikheid tot kantoorkomplekse / ASD / werk (1)
[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)
- 1.4.3 Beskikbaarheid van groot stukke grond (2)
 Goedkoper grond (2)
 Naby aan arbeidspoel (2)
 Beskikbaarheid van groot arbeidspoel (2)
 Toegang tot grootmaatvervoerroetes (2)
 Besoedeling affekteer nie hoë-inkomste residensiële areas nie (te ver weg) (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

- 1.4.4 Verhoed onbeheerde groei in stedelike gebiede/verminder stadspreiding (2)
 Beperk die verspreiding van stedelike verval / stedelike agteruitgang (vanaf die oorgangsones / vervalsones) (2)
 Beperk inval en opvolging (2)
 Verbeter die estetika (2)
 Positiewe impak op die grondwaarde rondom dit (2)
 Verminder die risiko van oorstromings (2)
 Verminder die effek van geraasbesoedeling (2)
 Verbeter luggehalte / filtreer 'n mate van besoedeling uit die lug (2)
 Beheer kweekhuysgasse (2)
 Verlaag die temperatuur / modereer die temperatuur (2)
 Verminder die effek van die stedelike hitte-eiland (2)
 Beskerm die natuurlike omgewing (2)
 Groen ruimtes beskikbaar vir ontspanningsdoeleindes (aanvaar voorbeelde) (2)
 Stel mense in staat om toegang tot die natuur te verkry (aanvaar voorbeelde) (2)
 Bevorder waterinfiltrasie / verhoog watertafel (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.4.5 Met stedelike groei, kom meer voertuie uit 'n groter gebied wat verkeersopeenhopings veroorsaak (2)
 Die verhoogde verkeersvolume (gevolge van verstedeliking) veroorsaak verkeersopeenhopings (2)
 Ruit straatpatroon verhoed verkeersvloei (2)
 Swak pad infrastruktuur (slaggate) verhoed verkeersvloei (2)
 Stakings van taxi / bus / treine kan toegang tot die SSK uitdagend maak (2)
 Oudste deel van die stad beteken dat infrastruktuurontwikkeling moeilik is en kan nie altyd die verhoogde verkeersvloei akkommodeer nie (2)
 Verouderde stedelike beplanning akkommodeer nie die toename in die stedelike bevolking wat toegang tot die SSK benodig nie (2)
 Hoë vraag na ruimte in die SSK verhoog die verkeersvolume en veroorsaak vertraginge (2)
 Hoë pendelverkeer veroorsaak ongelukke (2)
 Gebrek aan beplanning vir stedelike groei het aanleiding gegee tot verkeersopeenhopings (2)
 Stedelike uitbreiding beteken dat mense toegang tot SSK moet verkry vanaf 'n groter gebied wat verhoogde verkeersopeenhopings veroorsaak (2)
 Besigheid / kommersiële aard van die SSK beteken dat daar spitsstye vir verkeer is (werk toe gaan en terug) (2)
 Gebrek aan / onbetroubare / duur openbare vervoer weerhou mense daarvan om dit te gebruik en dit verhoog die privaatvoertuie op die pad (2)
 Verhoogde voorvalle van ongelukke belemmer die vloei van verkeer (2)
 Histories belangrike geboue / erfenisterreine moet bewaar word en stadsbeplanning moet akkommoderend wees (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

**ANTWOORD MOET GEKWALIFISEERD WEES.
 GEEN DEELMERK NIE.**

- 1.5 1.5.1 Met verloop van tyd (2010 tot 2024) is daar vormlose / onbeplande / onbeheerde uitbreiding van die stedelike gebied. (1)
Stedelike gebied het mettertyd uitgebrei na die landelik-stedelike randgebied / landelike gebied. (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Landelik-stedelike migrasie (2)
Hoë natuurlike toename in stedelike gebied (geboortesifer) (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.5.3 Meer mense in die stedelike gebied beteken dat daar is 'n groter aanvraag na grond vir behuising, dienste, fasiliteite, ontspanning ens. (2)
Die groeiende bevolking benodig ruimte vir industriële en kommersiële uitbreiding. (2)
Verhoogde infrastruktuur-ontwikkeling om die toenemende bevolking te akkommodeer. (2)
Onvoldoende/afwesigheid van stedelike beplanning. (2)
Swak / swak soneringsregulasies wat lukraak ontwikkeling toelaat. (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.5.4 Onvoldoende begroting en/of tyd om stedelike gebiede op 'n beheerde wyse te beplan (2)
Hulle het nie beheer oor grond wat privaat besit word nie (2)
Hulle het beperkte kapasiteit om die toestroming van mense na stedelike gebiede te beheer (2)
Grondinval op onbesette grond (2)
Moeilik om die vinnige ontwikkeling van informele nedersettings te beheer (2)
Hoë aanvraag om na stedelike gebiede te trek (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.5.5 Verhoogde lugbesoedeling deur nywerhede (2)
Verhoogde geraas / grondbesoedeling as gevolg van toename in bevolking / voertuie (2)
Waterbesoedeling vanaf verhoogde nywerhede (2)
Verwydering van plantegroei vir stedelike ontwikkeling (2)
Afname in die beskikbaarheid van suurstof (skoon lug) (2)
Verminderde plantegroei veroorsaak verhoogde oppervlakafloup en gronderosie (2)
Afname in infiltrasie / negatiewe impak op watertafel (2)
Mikroklimaat word verander as gevolg van die verwydering van plantegroei / verandering in natuurlike omgewing (2)
Verlies aan biodiversiteit / habitate (2)
Kitsvloede as gevolg van verminderde infiltrasie / toename in kunsmatige oppervlaktes (2)
Verminderde estetiese skoonheid (2)
[ENIGE DRIE] (3 x 2) (6)
[60]

VRAAG 2

2.1	2.1.1	X (1)		
	2.1.2	Z (1)		
	2.1.3	X (1)		
	2.1.4	Z (1)		
	2.1.5	Z (1)		
	2.1.6	Z (1)		
	2.1.7	Z (1)	(7 x 1)	(7)
2.2	2.2.1	Olieraffinadery (1)		
	2.2.2	Olieraffinadery (1)		
	2.2.3	Bakkery (1)		
	2.2.4	Olieraffinadery (1)		
	2.2.5	Bakkery (1)		
	2.2.6	Bakkery (1)		
	2.2.7	Bakkery (1)		
	2.2.8	Olieraffinadery (1)	(8 x 1)	(8)
2.3	2.3.1	Oos-Kaap (1)		
		KwaZulu-Natal (1)	(2 x 1)	(2)
	2.3.2	Afname (1)	(1 x 1)	(1)
	2.3.3	(a) Siektes (1)		
		Bek-en-klouseer (1)		
		[ENIGE EEN]		
		(b) Toename in produksiekostes (1)	(2 x 1)	(2)
	2.3.4	Meer huishoudings sal toegang tot beesvlei het (2)		
		Toename in produksie sal beesvleis meer toeganklik vir mense maak (2)		
		Beesvleis verskaf proteïene wat voedsaam is (2)		
		'n Verskeidenheid ander produkte wat met beesvleis geassosieer word, kan geproduseer word (2)		
		Beesvleis kan op die plaaslike mark verkoop word wat inkomste bring om ander voedsel te koop (2)		
		Meer beesvleisvoorraad sal die prys laat daal (2)		
		Beesvleis sal meer bekostigbaar / goedkoper wees (2)		
		[ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)

2.3.5		Verdien meer buitelandse inkomste (2)		
		Skep 'n positiewe impak op die handelsbalans (2)		
		Verhoogde toegang tot buitelandse valuta (2)		
		Waarde van uitvoere sal toeneem (2)		
		Meer inkomste uit uitvoere as die plaaslike mark (2)		
		Dra positief by tot die land se BBP (2)		
		Verhoog buitelandse valuta-reserwes, versterk die geldeenheid (2)		
		Verhoogde bydra tot die land se belastingbasis (2)		
		Werkskepping in die landbousektor / gekoppelde nywerhede (2)		
		Verhoogde verdienste stimuleer verbruikersbesteding (2)		
		Vermenigvuldigingseffek / verhoogde koopkrag (2)		
		Infrastruktuurontwikkeling sal aangemoedig word (2)		
		Sal ontwikkeling in die sekondêre sektor stimuleer (2)		
		Genereer hulpbronne wat industrialisasie finansier (2)		
		[ENIGE DRIE]	(3 x 2)	(6)
2.4	2.4.1	Wes-Kaap (1)	(1 x 1)	(1)
	2.4.2	Maritieme (1)		
		Energie (1)		
		Logistieke (1)		
		Ingenieurs (1)		
		ENIGE TWEE	(2 x 1)	(2)
	2.4.3	Indiensneming verminder armoede (2)		
		Verbeterde lewenstandaard (2)		
		Vaardighede opheffing (2)		
		Korporatiewe sosiale verantwoordelikheid programme (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Toeganklikheid tot meer en beter dienste (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Infrastruktuurontwikkeling (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Blootstelling aan vierde-industriële revolusievaardighede (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Blootstelling aan tegnologiese vooruitgang (2)		
		Verhoogde beskikbaarheid van goedere en dienste (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Professionele ontwikkelingsgeleentheid om werknemers te help (2)		
		Navorsing en ontwikkeling wat innovasie / innovering dryf (2)		
		Onderwys vennootskappe / Samewerking met opvoedkundige instellings (2)		
		Die toestroming van werkers vanaf diverse agtergronde kan lei tot kulturele uitruiling (2)		
		[ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)

- 2.4.4 Goed ontwikkelde padnetwerk bied skakeling na markte in die binneland van die land (2)
 Spoorweg stel nywerhede instaat om doeltreffende toegang tot markte en hulpbronne te verkry (2)
 Goeie infrastruktuur help met die vervoer van bederfbare goedere (bv. vrugte) meer doeltreffend (2)
 Baie naby aan internasionale lughawe en hawe geleë wat toegang tot internasionale markte moontlik maak (2)
 Doeltreffende infrastruktuur ondersteun bedrywighede en verminder kostes (2)
 Goeie infrastruktuur stel nywerhede instaat om toegang tot wyer markte te verkry wat hul kliëntebasis vergroot (2)
 Toeganklikheid tot plaaslike en internasionale markte (via lughawens, hawens) verhoog inkomste. (2)
 Goeie infrastruktuur lok besighede en nywerhede aangesien dit beleggersvertroue verhoog. (2)
 Water- en elektrisiteit-infrastruktuur bevorder ononderbroke produksie wat produktiwiteit verhoog. (2)
 Veselkabels / internettorings en telekommunikasienetwerke verbeter kommunikasie wat bedrywighede se doeltreffendheid verbeter (2)
 Daar is 'n goeie spoor- / padnetwerk wat die nywerhede met die hawe verbind vir uitvoer (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)

**ANTWOORD MOET GEKWALIFISEERD WEES.
 GEEN DEELMERK.**

- 2.5.1 Besigheidsaktiwiteite wat ongeregistreer is of dienste verskaf sonder lisensies. (2)
 Besighede wat nie geregistreer is nie en nie inkomstebelasting betaal nie. (2)
[KONSEP] (1 x 2) (2)
- 2.5.2 R750 miljard (1) (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Gerieflikheid (1)
 Laer pryse (1) (2 x 1) (2)
- 2.5.4 Geen lisensie/permit nie (1)
 Nie geregistreer nie / minder rompslomp ('red-tape') (1)
 Minder hindernisse tot toegang (1)
 Werk van die huis af (1)
 Geen amptelike finansiële / belastingopgawes (1)
 Maklik toeganklik (aanvaar voorbeelde) (1)
 Vereis min kapitaalbelegging (1)
 Buigsame werksure (1)
 Werk met groter buigsamheid en aanpasbaarheid (1)
 Hou nie by munisipale reëls nie (1)
[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)

- 2.5.5 Meer produkte in formele sektor gekoop (verhoogde BTW) (2)
 Verhoogde aanvraag vir formele sektor goedere en dienste (2)
 Formele sektor se verbruikersbasis sal verhoog (2)
 Namate informele sektor groei, meer werksgeleenthede word geskep en verhoogde inkomste vir mense om in die formele ekonomie te bestee (2)
 Styging in besteebare inkomste kan lei tot groter aanvraag na goedere en dienste wat deur die formele sektor verskaf word (2)
 Spaza-winkels laat geld in sirkulasie bly binne plaaslike ekonomieë wat die formele ekonomie ondersteun (2)
 Potensiële uitbreiding in die formele ekonomie sal meer mense indiens neem (2)
 Verhoogde sirkulasie van besteding in die formele sektor (2)
 Vermenigvuldigingseffek van die informele ekonomie (2)
 Verminderde misdaad (diefstal) in formele ekonomie met afname in armoede (2)
 Die informele sektor kan geïntegreer word in die aanvoerskettings van die formele besighede (2)
 Groei in die informele sektor kan algehele werkloosheidsyfers verminder wat tot 'n meer stabiele ekonomie lei (2)
 Nuwe markte (informele ekonomie) laat formele ekonomie toe om hul markte uit te brei (2)
 Spaza-winkels kan verspreidingspunte vir formele sektor-goedere verhoog (2)
 Deur aan spaza-winkels te verskaf, kan formele besighede handelsmerklojaliteit onder plaaslike verbruikers bou (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 2.5.6 Moeilik om aan finansiering/lenings te bekom (2)
 Banke is huiwerig om lenings toe te staan (2)
 Beperkte finansiering om uit te brei (2)
 Gebrek aan kontantvloei (2)
 Duur vervoerkostes (2)
 Dikwels slagoffers van misdaad wat voorraad vernietig (2)
 Geen versekering nie (2)
 Onreëlmatige/wisselvallige inkomste (2)
 Beperkte finansiële veiligheidsnet / beskerming (Geen WVF; Vakbonde) (2)
 Onvermoë om voordeel te trek uit grootmaat aankope (2)
 Gebrek aan kollateraal (2)
 Baie spaza-winkels wat mededinging skep (2)
 Wanbetaling deur mense wat op krediet koop (2)
 Treurige hantering van finansiële rekords (2)
 Duur om produkvoorraad te diversifiseer (2)
 Beperkte kliëntebasis (2)
 Verkoop meestal lae-orde goedere wat nie 'n groot winsopslag het nie (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- [60]**

TOTAAL AFDELING A: 120

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

3.1.1 C (1) (1 x 1) (1)

3.1.2 D (1) (1 x 1) (1)

3.1.3 243° (1) (Speling: 242° tot 244°) (1 x 1) (1)

3.1.4 MP = WP + MD
 243° + 24°46' (1) vervanging
 = 267° + 46' (1) (Speling: 266° 46' tot 268°46') (2 x 1) (2)

3.1.5 Die gemiddelde jaarlike verandering van magnetiese Noord is
 weswaarts (1) (1 x 1) (1)

3.1.6 Z (1) (1 x 1) (1)

3.1.7 $\frac{\frac{1}{2\,000}}{\frac{1}{10\,000}}$ ✓ **OF** $\frac{1 : 2\,000}{1 : 10\,000}$ ✓
 $\frac{1}{2\,000} \times \frac{10\,000}{1}$ ✓ **OF** $\frac{1}{2\,000} \times \frac{10\,000}{1}$ ✓
 5 keer ✓ 5 keer ✓ (3 x 1) (3)

3.2 3.2.1 Landbou / boerdery (1) (1 x 1) (1)

3.2.2 Toegang tot water / water toevoer / langs 'n rivier (1)
 Gelyke gradiënt / plat grond / reliëf / gelyke topografie (1)
 Vrugbaar / goed gedreineerde grond (1)
[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)

3.2.3 Toerisme / Ontspanningsaktiwiteit (1)
 Watervoorsiening (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)

- 3.2.4 Ontspanningsaktiwiteite (gholfbane / seiljag-pier) sal plaaslike inwoners en toeriste lok (2)
 Voorsiening van water vir besproeiing van die gholfbaan (lok toeriste) (2)
 Werke sal by toeriste-aantreklikhede geskep word (aanvaar voorbeelde) (2)
 Vermenigvuldigingseffek (2)
 Toename in koopkrag van plaaslike inwoners wat in die tersiêre sektor werksaam is (2)
 Kapitaalbelegging in die gebied/belegging in infrastruktuurontwikkeling (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 3.2.5 Verskillende straatlengtes en blokke (1)
 Min kruisings (1)
 Geen duidelike eenvormige patroon nie (1)
 Baie kurwes (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 3.2.6 Paaie volg die vorm van die dam (’n fisiese versperring) (2)
 Paaie langs die dam geleë (2)
 Die steil helling / terrein na die NW het beperkte padontwikkeling (2)
 Ontwikkeling aan die kant van ongelyke grond (2)
 Paaie volg die kontoere van ’n heuwel (2)
 Die bewaringsomgewing het padontwikkeling beperk (2)
 Paaie akkommodeer die vorm van die groengordel (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 3.2.7 Golfbaan (1)
 Dam (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 3.2.8 Verbeterde sekuriteit (2)
 Veiliger omgewing (2)
 Laer misdaadsyfers in omheinde gemeenskap (2)
 Beheerde toegang / beperkte toegang (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 3.3 3.3.1 Skuins (1) (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Afstandwaarneming word verkry / versameling van ruimtelike inligting van die aarde vanaf ’n afstand / sonder om aan te raak of fisiese kontak te maak. (2)
 Data van kenmerke op aarde op ’n afstand op te neem. (2)
[KONSEP] (1 x 2) (2)
- 3.3.3 Raster (1) (1)
- 3.3.4 Oppervlakte / veelhoek (1) (1 x 1) (1)
- 3.3.5 Die tipe pad (arteriële-/hoofsverkeersroete) (1)
 Die toestande van die pad (geteer) (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)

- 3.3.6 Verskillende grondsones is sigbaar (2)
 Die foto is in werklike tyd (2)
 Foto is 'n werklike beeld en nie kaartsimbole nie (2)
 Beeld is duidelik / hoë resolusie (2)
 Invloedsfeer kan bepaal word (2)
 Lugfoto's kan meer gereeld opgedateer word (2)
 Meer huidige inligting oor 'n area is beskikbaar (2)
 Verskaf 'n hoë vlak van visuele detail (2)
 Voorkoms van kenmerke (d.w.s. landskappe, infrastruktuur, geboue, plantegroei) kan verkry word (2)
 Lugfoto's kan kleinskaalse kenmerke / meer presies openbaar (2)
 Lugfoto's bied 'n omvattende uitkyk oor ruimtelike verhoudings tussen verskillende kenmerke (2)
 Visuele differensiasie tussen tipes grondbedekking kan maklik gemaak word (2)
 Huidige stand van infrastruktuur kan gemaak word (aanvaar voorbeelde) (2)
 Lugfoto's kan menslike aktiwiteite en grondgebruikpatrone opneem (aanvaar voorbeelde) (2)

[ENIGE EEN]

(1 x 2) (2)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 30
GROOTTOTAAL: 150